## Carla van Baalen en Dick de Mildt (reds.), *"Weest Wel met Alle Menschen": De "Kaapse Brieven" van Cornelius de Jong van Rodenburgh*

Verloren, Hilversum, 2012
640 pp
ISBN 978-90-8704-282-0
€39.00

Cornelius de Jong was 'n admiraal in diens van die Nederlandse Republiek, wat oor die jare 1792–1795, letterlik die laaste jare van die ou VOC-bewind, by twee geleenthede ampshalwe meerdere maande aan die Kaap deurgebring het. Die ervaring is vasgelê in sy tweedelige *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, in de jaren 1791 tot 1797* (1802–1803), 'n boek wat verdien om herdruk of gedigitaliseer te word. Vroeg in 1795 is hy hier getroud met 'n dogter van J.J. Lesueur, lid van die Politieke Raad wat die Kaap agt maande later aan 'n Britse besettingsmag sou oorhandig, en mettertyd het hy na Nederland teruggekeer met sy vrou en hul dogtertjie, Jeannette, wat nog aan die Kaap gebore is.

Jeannette de Jong is in 1815 getroud met J.A. Truter, 'n seun van die destydse hoofregter van die Kaap (die latere Sir John), wat in Nederland studeer het, en die 218 briewe in die boek wat hiermee bekendgestel word, is hoofsaaklik dié wat De Jong aan die egpaar geskryf het ná hul terugkeer na die Kaap. Die korrespondensie is in 1828 beëindig, ná Truter se vroeë dood en die weduwee se

terugkeer na Nederland met hul kinders, wat hul verdere lewens daar deurgebring het.

Ongelukkig vir die Suid-Afrikaanse leser, bestaan die Kaapse materiaal in hierdie briewe hoofsaaklik uit insidentele opmerkings en reaksies aan De Jong se kant, terwyl aanhalings uit die briewe van die egpaar Truter tot enkele voetnote beperk is. Wat wel duidelik hieruit blyk, is egter die veelvoudige bande wat gedurende die eerste dekades van die negentiende eeu nog tussen Nederland en die ou "Hollandse" families van die Kaap bestaan het, en in stand gehou is deur briefwisseling, die aanwesigheid van teologiese en regstudente uit die Kaap in Nederland, en gereelde besoeke van Nederlandse skepe op pad na Nederlands-Indië (die huidige Indonesië) aan Tafelbaai.

Die lywige sagteband is netjies uitgegee, die briewe in hul oorspronklike spelling, maar met die gebruik van hoofletters en interpunksie aangepas, voorsien van 'n uitgebreide inleiding wat agtergrondinligting verskaf, en 'n aantal portrette en tekeninge uit familiebesit verdien veral vermelding. Daar is klaarblyklik sorg aan die verklarende voetnote bestee, en sover dit Suid-Afrikaanse sake betref, is daar slegs enkele klein foute van mindere belang; maar die register is tot persoonsname beperk en die inskrywings is ongedifferensieer, sodat die belangstellende met soliede blokke bladsynommers gekonfronteer word.

Opsommend kan daar gesê word dat dit wat die boek uit Suid-Afrikaanse oogpunt bied, interessant is, maar helaas nie veel meer nie. Die Truters se gedeelte van hierdie korrespondensie oor die tydperk 1815 tot November 1822 is egter in die Utrechts Archief beskikbaar, en uit Suid-Afrikaanse oogpunt verdien dit nadere ondersoek met die oog op moontlike publikasie.

*Karel Schoeman*
*Universiteit van die Vrystaat*